SAP 26

**SUID-AFRIKAANSE POLISIE** | **SOUTH AFRICAN POLICE**

P/Sak-P/Bag Posbus-P.O. Box

Verw./Ref: JVP MR 968/01/87

Navrae/Inq.: KAPT KITCHING

TEL: 011/838 8363 X 203

KANTOOR VAN DIE BEVELVOERDER
HANDELSMISDAADEENHEID
PRIVAATSAK 19
JOHANNESBURG 2000

1989-07-03

Die Direkteur-Generaal
Departement Binnelandse Sake
Privaatsak
PRETORIA

Otto Robbertse
(012) 339-1929
S26/51/4/1 (8)
PG/de Vries (011)333-040

PASPOORT: ROBERT OLIVER HILL

1. Die Handelsmisdaadeenheid, Johannesburg van die Suid-Afrikaanse Polisie ondersoek 'n dossier wat handel oor bedrog teen Robert Oliver Hill.

2. Op 10 Mei 1989 is 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van Robert Oliver Hill uitgereik op klagtes van bedrog, vervalsing en uitgifte en oortredings van die Deviesebeheerregulasies, 1961, soos gewysig.

3. Hill se modus operandi by die pleging van die misdade het onder andere behels dat hy geldige Eskom effekte aangekoop het. Vervalsings is van die betrokke sertifikate gemaak. Die vervalsings is deur Hill en sy maatskappye deur middel van makelaars by die Johannesburgse Effektebeurs, verkoop aan nie-inwoners wat oor Finansiële Rand beskik (Hierdie nie-inwoners het deel gevorm van Hill se misdaadnetwerk). Die Finansiële Rand wat op hierdie wyse vrygelaat is, word dan deur 'n netwerk van maatskappye versprei tot by 'n eindmaatskappy. Hierdie maatskappye, in samewerking met 'n ouditeur, verklaar dan valslik 'n dividend aan nie-inwoners. Die Reserwe Bank het die dividendverklarings as bona fide beskou en die fondse is toegelaat om die Republiek uit te vloei.

   (1) Hierdie dividende het hul weg gevind na medepligtige nie-inwoners wat dit dan weer na Sui-Afrika bring in Finansiële Rand. Hierdie modus operandi is verskeie keer herhaal tot 'n bedrag van R170 miljoen.

4. Graag word verneem of dit moontlik is vir u departement om Hill se paspoort in te trek met behulp van die Ambassade in London.

5. Hill het redelik onlangs sy paspoort verleng by die Streekkantoor, Pretoria. Die persoonlike besonderhede van Hill is as volg:
Volle naam: Robert Oliver Hill
[redacted]

487992
1.04.10
24.04.09
2 Verloor.

......../2

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

London adres: [redacted]

KOLONEL
nms/BEVELVOERDER : HANDELSMISDAADEENHEID
C.J. TALJAARD

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988